*Die Algemene Sinode van 1990 het 'n Ekumeniese Beleid goedgekeur (AS 1990 Notule bl 546-548). Die Beleidstuk volg hieronder. Hierdie formulering het gevolg op 'n studie oor ekumenisiteit deur die Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake (AKLAS), wat by die Sinode van 1986 voorgehou is. Die titel van hierdie AKLAS-studie was "Die Karakter van Ekumenisiteit" (AS 1986 Agenda, Punt 13, bl 125-127).*

## EKUMENIESE BELEID VAN DIE ALGEMENE SINODE

*AS 1990 Notule bl 546-548*

**1. DIE KERK EN EKUMENE**

1.1 Die kerk dank sy bestaan in die eerste en laaste instansie aan die drie-enige God. Die kerk is dus nie bloot 'n menslike organisasie wat op grond van menslike inisiatief tot stand kom nie, maar is in die evangelie self veranker. Op grond van die uitverkiesende genade van God roep Hy uit die menslike geslag vir Hom 'n bondsvolk byeen om tot sy eer te leef en om die boodskap van sy genade werwend in die wêreld te verkondig. Hierdie kerk word deur God Self teen alle sondige weerstand in, in stand gehou. Dit is die unieke instrument waarvan God gebruik maak om die koms van sy Koninkryk te bewerkstellig.

1.2 Begrond in God se genade, tot stand gebring en in stand gehou deur God se Woord en Gees en gerig op God se eer en ewige heerskappy, vertoon die kerk steeds die eienskappe van eenheid, heiligheid, al gemeenheid en apostoiisiteit. Wanneer hierdie wesenseienskappe van die kerk ernstig bejeën word, stel dit die verskiiiende kerke voor die taak van 'n dinamiese ekumeniese strewe.

1.3 Die kerk wat sy bestaan te danke het aan die drie-enige God, kan nie anders as een wees nie. Hierdie eenheid is gegrond in die een waarheid van God soos in die Christus van die Skrif geopenbaar. in Christus is alle gelowiges een (Gal. 3:28) en as sy Iiggaam, is die kerk een. Omdat die mens altyd in bepaalde historiese omstandighede leef en ook as gevolg van die sonde, ken elke individuele gelowige sowel as elke partikuliere geloofsgemeenskap die apostoliese waarheid wel genoegsaam maar tog slegs ten dele. Geen enkele kerk kan daarop aanspraak maak dat hy alleen die volle waarheid besit nie. Die apostoiisiteit van die kerk impliseer dus 'n strewe na algemeenheid waarin die volle ruimte en tyd van die kerkgeskiedenis omvat word (Ef. 3:18).

1.4 Die eenheid en algemeenheid van die kerk is egter ook veranker in die gerigtheid van die kerk op die eer en heerskappy van God. Daarom word die heiligheid van die kerk nie los van die eenheid en algemeenheid daarvan tot uitdrukking gebring nie.

1.5 Daar is dus ‘n onmiskenbare verband tussen die eienskappe van die kerk en sy ekumenisiteit. Ekumenisiteit is derhalwe ‘n blywende opdrag wat dinamies uitgevoer moet word in ‘n gemeenskaplike bestaan, getuienis en diens van alle gelowiges tot eer van God.

1.6 Die belydenisgrondslag vir sy ekumeniese roeping is vir die Ned Geref Kerk geleë in die gereformeerde belydenisskrifte, vergelyk Art 9 van die Apostoliese Geloofsbelydenis, die van Nicea, die Nederlandse Geloofsbelydenis Art 27-29 en die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, Vrae 54 en 55.

1.7 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het homself in sy kerkorde daartoe verbind om te strewe na ekumeniese betrekkinge met ander (Art 71) kerke, sover dit moontlik en prakties is.

**2. DIE DOEL VAN EKUMENISITEIT**

2.1 Wanneer aanvaar word dat ekumenisiteit op grond van die eienskappe van die kerk onafskeidelik aan kerkwees verbind is, volg dit dat ekumenisiteit nooit ‘n doel op homself moet wees nie. Die uiteindelike doel van ekumene is nie anders as die doel van die Kerk nie, naamlik die koms van die Koninkryk van God tot verheerliking van God. Die kerk is geroep tot ‘n getuienis enersyds oor wat dit reeds is, naamiik *geestelik een* in Jesus Christus en andersyds oor wat dit nog moet word naamlik *sigbaar een* in Jesus Christus. Kerkeenheid is ‘n gawe en ‘n roeping. Die gegewe eenheid is die basis en die dryfkrag van die strewe na die meerdere sigbaarmaking van die gegewe eenheid.

2.2 Alhoewel ekumeniese betrekkinge nie noodwendig die onmiddellike of selfs uiteindelike verkryging van institutêre eenheid impliseer nie, kan dit tog ‘n wesenlike bydrae maak tot ‘n verantwoordeiike uitskakeling van vervreemding, gespanne verhoudings, verskeurdheid en ‘n onverantwoordbare hantering van die verskeidenheid in die kerk.

2.3 Ekumeniese betrekkinge met kerke van ‘n Gereformeerde belydenis en kerkregering (wat ook prakties gehandhaaf word) kan die voigende insluit: erkenning van mekaar se doop, ontvangs van attestasies, toelating tot die sakramente, toegang tot kansels, erkenning van legitimasie, verteenwoordiging op sinodes en gesamentlike betrokkenheid by ekumeniese liggame. “Korrespondensie” dui op ampteiike kontak tussen kerke om hierdie aangeleenthede te reël.

2.4 Die nadere doel van ekumeniese betrekkinge is enersyds om by te dra tot die meer volkome kerkwees van die kerk, en andersyds om mee te werk tot die meer effektiewe funksionering van die kerk.

2.5 Hierdie doel kan nader toegelig word deur dit in verband met die eienskappe van die kerk te bring.

2.5.1 Die eenheid van die kerk moet op verskillende maniere tot uitdrukking kom. Primêr is die eensgesindheid van gelowiges onderling en die eenheid van getuienis in die wêreld. Waar ekumenisiteit reeds die pluriforme gestalte van die Kerk impliseer, is ekumeniese betrekkinge ook die weg waarlangs enersyds gestry moet word teen elke vorm van verskeurdheid van die liggaam van Christus, en andersyds teen ‘n soort eenheidstrewe wat die verskeidenheid in die werke van God misken.

2.5.2 Die heiligheid van die kerk impliseer sy uniekheid in die wêreid. Omdat die kerk die uitverkorenes tot die ewige lewe is, moet sy heiligheid nie net belydenis wees nie, maar ook belewenis. Deur ekumeniese betrekkinge kan die kerk sy roeping om die heilige liggaam van Christus te wees, universeel uitdra en uitleef.

2.5.3 Die ekumene kan ook sinvol bydra tot die algemeenheid van die kerk. As lewensomvattende, Christelike geloofsgemeenskap uit alle volke, tale en nasies, en deur die loop van die hele geskiedenis, moet die kerk sy taak om die koninkryk van God op alle lewensterreine op te rig, ywerig uitvoer. Hiervoor sal die verskiliende kerke ook oor grense moet heen reik om die taak gesamentlik meer effektief uit te voer. Dit impiiseer nie ‘n opheffing van sy pluriforme gestalte nie, maar noodsaaklike aanvulling in gesamentlike ondernemings.

2.5.4 Waar die apostolisiteit van die kerk veral betekenis het vir die belydenis van die waarheid, moet die Kerk hom deur ekumeniese samewerking rig op ‘n beter verstaan van die geopenbaarde waarheid van die Heilige Skrif.

2.5.5 Dit is derhalwe duidelik dat ‘n ekumenisiteit wat binne die bane van die kerk se eienskappe funksioneer, ‘n noodsaaklike bydrae sal lewer tot vervulling van die kerk se roeping na binne en na buite.

2.6 Hierdie ekumeniese strewe na eenheid beteken nie ‘n strewe na eenvormigheid nie. Kerke het ‘n eie geskiedenis, bestaan in uiteenlopende omstandighede, besig ‘n eie taal, ensovoorts. Dit doen egter niks af van die bestaande geestelike eenheid nie. Hierdie eenheid figureer in ‘n verskeidenheid van aanbidding ten opsigte van die talle liturgieë en sangbundels wat gebruik word. Daar is ook ‘n verskeidenheid belydenisskrifte as gevolg van uiteenlopende situasies wat spesifieke nadenke oor en leiding uit die Heilige Skrif verg. Hierby kom ook ‘n verskeidenheid kerkordes vanweë eie tradisies, behoeftes en administratiewe reëlings.

2.7 Die Ekumeniese roeping van ‘n gereformeerde kerk rus altyd op en eerbiedig die eenheid van die kerk wat ‘n eenheid in die waarheid van die gemeenskaplike getuienis van verlossing in Jesus Christus is. In die hantering van ingrypende verskiile oor Bybelse waarhede moet die ekumeniese gesprek en ekumeniese verhoudings eie

insigte met ander deel en met openheid na ander uister. Geen kerk het immers ‘n monopolie op die leiding van die Heilige Gees nie.

Efesiërs 3:18: “Mag julie in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek”. Op hierdie weg word die waarheid behou en uitgebou, vind wedersydse verdieping piaas, word korrektiewe aangebring, misverstande opgekIaar en nuwe gesindhede geskep, en die voortgaande leiding van die Heilige Gees gesamentlik eerbiedig (Joh. 15:16).

**3. VOORWAARDES VIR EKUMENIESE BETROKKENHEID**

3.1 Ekumeniese betrokkenheid is sinvol waar dit in die waarheid van Jesus Christus as Verlosser geskied. Dit beteken dat kerke mekaar ernstig moet neem in die lig van die Woord van God en dat daar deurgaans onbelemmerde geleentheid moet wees om van en vir die Evangelie te getuig.

3.2 in enige ekumeniese kontak getuig die Ned Geref Kerk van die waarheid soos hy dit sien en glo. Besluite by ekumeniese samekomste word slegs as adviserend beskou en as sulks hanteer. Dit sal voorkom dat die kerk gekompromiteer of in die verleentheid gestel word.

3.3 Ekumeniese betrekkinge en samewerking en gesprekvoering vind plaas in konsentriese sirkels van nouer en wyer betrokkenheid, beginnende by kerke wat dieselfde beIydenisgrondsIag het tot by diegene wat ‘n ander belydenis handhaaf. In al hierdie gevalle vind grade van samewerking en gesprekvoering plaas ter wille van getuienis vir en soeke na die waarheid.

**4. DIE OMVANG EN GRAAD VAN EKUMENE**

4.1 Die omvang van ekumene word bepaal deur die grense van die kerk as liggaam van Christus op aarde. Dit is die wydste grens waarbinne verskeie grade van ekumeniese betrekkinge met verskil in intensiteit bevorder moet word.

4.2 Binne die grense van hierdie kerk mag daar kerke, sektes en groepe wees met afwykende en eensydige beskouinge. Met hulle word ekumene ten opsigte van aard en graad anders (informeel) beoefen as met kerke wat ten opsigte van die belydenisgrondslag nader is.

4.3 Buite die grense van die kerk as liggaam van Christus word sending beoefen. Kontak-dialoog en moontlike samewerking met nie-Christelike godsdienste is nie ekumene nie aangesien ekumene gerig is op die bevordering en meerdere sigbaarmaking van die geestelike eenheid van die kerk as liggaam van Jesus Christus.

## 5. PRAKTIESE TOEPASSING

Die Ned Geref Kerk interpreteer sy ekumeniese verantwoordelikheid soos volg:

5.1 Ekumene moet deur alle kerkvergaderinge beoefen word te wete die Algemene Sinode, sinodes, ringe en kerkrade. Dit is nodig om te beklemtoon dat plaaslike ekumene op die agenda van elke kerkraad moet bly.

5.2 Die Algemene Sinode bepaal die beleid oor die aard en graad van ekumeniese verhoudinge. Toegepas op die Ned Geref Kerk word die volgende ekumeniese betrekkinge onderskei:

- Familie van Ned Geref Kerke: Hier bestaan die nouste eenheidsband aangesien die kerke een is in bebydenis, kerkregeringsvorm en in historiese verbondenheid aan mekaar. Vir die totale Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie is die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke ‘n uitdrukking van die eenheidsband en maak voorsiening vir skakeling, oorleg en samewerking. Vir die Ned Geref Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika is daar egter behoefte aan dringende onderhandelinge oor duidelike uitdrukking van die eenheidsband selfs waar voorsiening gemaak word vir kulturele verskeidenheid en bedieningsbehoeftes.

- Die Drie Afrikaanse Kerke: Ook hier funksioneer eenheid van belydenis en kerkregeringsvorm, maar die kerke het vanweë ‘n historiese breuk van mekaar verwyder geraak. Alle kerkvergaderings moet deur volgehoue kontak bou aan positiewe gesindhede en samewerking met die oog op kerkhereniging.

- Kerke van Gereformeerde belydenis: Met kerke van gereformeerde belydenis en kerkregering word in die lig van 2.3 gehandel.

- Kerke met ‘n Protestantse belydenis: Met ander kerke wat ‘n protestantse belydenis handhaaf, word sover dit moontlik, wenslik en prakties is, kontak gesoek, volgens die roeping van die kerk om in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif die eenheid van die gelowiges prakties te bevorder en te bestendig.

- Met ander kerke en groepe kan informele ekumene beoefen word deur middel van gesprekke oor sake en projekte van samewerking wat die Koninkryk van God raak en ter wille van die getuienis vir en soeke na die waarheid. Die Ned Geref Kerk beskou hierdie inter-konfessionele ekumene as baie belangrik en noodsaaklik. Met die oog hierop sal die Ekumeniese Kommissie op ‘n voortdurende basis oordeel oor hoe, waar en wanneer hierdie ekumene beoefen sal word.

- Ekumeniese liggame: Die Ned Geref Kerk beywer hom vir lidmaatskap van ekumeniese liggame waarvan die grondsiag, doelstellings en die praktiese uitlewing daarvan met sy eie konfessionele standpunte verenigbaar is.

+++++